Newsletter

Northern Cape Yellowfish Working Group

Three Provinces Fly Fishing Club

April 2008

In This Issue / In Hierdie Uitgawe

- Membership Renewal / Lidmaatskap Hernuwing
- Klub & Werkgroep Vergadering
- Nuwe Webtuiste / New Web Domain
- Conservation News / Bewaringsnuus
- Bell's 2008
- Winter 2008
- Rod Test / Stoktoets (Sage™ 590-4 TCR) - *Wade Martin*
- Hengelnuus / Angling News

Membership Renewal

It's time again that all members should have finalised payment of membership dues for the 2008 financial year.
We appeal to all members who have not yet renewed their membership to do so by the end of May to prevent suspension of benefits.
Not only does the club need the funds to cover administration costs like the printing and mailing of newsletters, paid up members also qualify for some benefits not available to anyone else:

- Free entry to Nkolo Spa as day visitor
- Access to private angling venues
- Access to members only area on our website containing the confidential "buddy list", news and other info, including the full size pictures archive and previous newsletters
- Free 10mb mailbox on the ncywg domain *(your_name@ncywg.co.za)*
- Member discount when attending the annual NCYWG Bell's experience
- Member discount on purchases at selected angling shops
- Free membership to the NCYWG

The membership fees for 2008 is still R80.00 and must be paid directly into the club's bank account. The official membership application/renewal form must be completed and submitted to myself via e-mail or fax, together with the proof of payment for Kimberley members, or to Juliana at the club head office for members outside of Kimberley.
The latest membership form also includes the NCYWG application that must be completed and submitted to qualify for free membership to the working group.
Membership to the NCYWG is voluntary and is only open to paid up club members.

Lidmaatskap Hernuwing

Dit is weer sulke tyd! Lidmaat fooie vir 2008 moet assblief voor einde Mei betaal wees om opskorting te vermy.
Ons doen weereens 'n beroep op lede wat nog nie betaal het nie om dit so gou moontlik af te handel.
Nie net het die klub het die fooie nodig om administratiewe kostes soos die druk en uitstuur van die nuusbrief te dek nie, maar opbetaalde lede geniet ook baie voordele wat nie vir ander beskore is nie:

- Gratis toegang tot Nkolo Spa as dagbesoeker
- Toegang tot privaat hengel areas
- Toegang tot die "slegs lede" afdeling van ons webblad wat waardevolle inligting soos die "buddy list", nuusgebeure en vorige nuusbriewe bevat
- Gratis 10mb e-pos op die ncywg web *(jou_naam@ncywg.co.za)*
- Lede korting wanneer die jaarlikse NCYWG Bell's vlieghengel fees bygewoon word
- Korting op aankope by uitgesoekte hengelwinkels
- Gratis lidmaatskap tot die NCYWG

Die lidmaat fooi vir 2008 is steeds slegs R80.00 en moet direk in die klub se rekening betaal word. Die amptelike aansoek/hernuwings vorm moet voltooi en tesame met bewys van betaling per e-pos of faks aan myself gestuur word vir Kimberley lede, of aan Juliana by hoofkantoor vir lede buite Kimberley.
Die nuutste vorm sluit ook die aansoek vir lidmaatskap aan die werkgroep in, wat voltooi moet word om vir gratis lidmaatskap te kwalifiseer.
Lidmaatskap aan die NCYWG is vrywillig en is slegs oop aan opbetaalde klublede.

Alle betalings moet direk inbetaal word by:
Drie Provinsies Vlieghengel Klub
ABSA Bank, Christiana
Rekening: 913 347 8919

Carl Nel (Sekretaris & Webmeester)

Klub en Werkgroep vergadering

Op 12 April is daar ‘n amptelike komitee vergadering by Windsorton gehou. Notules van die vergadering is beskikbaar op ons webblad onder die afdeling wat slegs vir opbetaalde lede toeganklik is. Ons doen hiermee ‘n ernstige beroep op alle lede om waar moontlik die vergaderings by te woon, aangesien alle besperkings, besluite en verkiesings in belang van die klub is en die ledetal is per slot van sake die klub! Sonder lede kan geen organisasie voortbestaan nie.
Hardus Coetzer het amptelik gevra om afstand te doen van sy posisie as voorsitter as gevolg van werksomstandighede. ‘n Verkiesing is beroep en dit is met trots dat ons vir Etienne Benade aankondig as nuwe voorsitter van die Klub en die Werkgroep.
Baie geluk Oubaas en weet dat jy enige tyd op enige een se knoppie kan druk vir hulp.

Nuwe Webtuiste

'n Nuwe domain (http://ncywg.co.za) is geregistreer as die amptelike webtuiste van die Noordkaap Geelvis Werkgroep sowel as die Drie Provinsies Vlieghengel Klub.
Voorstelle vir inhoud, nuuswerwing, advertensie inkomste, ens. word ingewag van alle klublede.

Bewaring / Conservation

Oranjerivier

'n Nuwe, maar nie onbekende manier van vis uitwissing is onder die werkgroep se aandag gebring en dis verblydend om te sien dat boere daadwerklik optree, nie net om hulle eiendom teen oortreders te beskerm nie, maar ook in belang van bewaring.

Klipkrale word in die vloedlyn onderkant Vanderkloof dam gebou. Wanneer water uit die dam gelaat word spoel hierdie krale vol en wanneer die watervlak sak, bly baie vis vasgevang, waarna die plaaslike bevolking in hulle hordes toesak met pikstele, hoepels, kapmesse en watookal ander tradisionele wapen hulle in die hande kan kry en begin maai onder die vasgekeerde vis. Honderde visse, waaronder ons bewaarde geelvis spesies, word op hierdie manier van kant gemaak en dan op die dorp verkoop.

Sulke bedrywighede moet onmiddellik onder die werkgroep se aandag gebring word sodat ons met die betrokke owerhede kan skakel om dit stop te sit.

Die boer op wie se grond dit plaasgevind het is besig om met 'n stootskraper al die klipkrale plat te stoot.
Dit is van uiterste belang dat die algemene publiek deurentyd bewusgemaak word van geelvis se bewaringstatus.

Dankie aan Jan Louis Lombaard vir die verslag en fotos.

Barkly Wes

In ons vorige nuusbrief was daar 'n artikel oor 'n vermoedellik onwettige delwery wat blatant op die Vaal bokant Barkly Wes plaasgevind het.
Ons is bly om te rapporteer dat daardie bedryf ook na 'n knaende opvolg van die NCYWG in Desember deur die owerhede stopgesit is, hoewel geen redes of terugvoer aan die werkgroep verskaf is nie.

Bell's 2008

Voorlopige datums is ook op die vergadering bespreek sodat borge en die media betyds in kennis gestel kan word van hierdie elite funksie wat jaarliks deur die werkgroep aangebied word. Dit wil voorkom of reëlings maar kan voortgaan vir die tweede naweek van Oktober (16 tot 19 Oktober 2008) by Nkolo Spa op Christiana.

Dawie Ras het weereens sy staatmaker hulp aangebied met die reël van hemde asook reëlings met Bell's Whisky en ander borge.
Advertensie en media kontak met Sheena Carnie sal deur Etienne Benade behartig word en Gert Bronkhorst is opgesaal met die voorlopige reël van verblyf by Nkolo. Met die uitleg van erwe op die terrein, lyk dit of verblyf vanjaar beperk gaan wees tot 10x 2 bed chalets, kampeer of hotel. Amptelike reëlings sal bekendgemaak word sodra alles bevestig is en weereens sal ons 'n vergadering moet beroep om 'n werkskomitee te verkies wat lede insluit.

Winter 2008

Wat word van kleinbek geelvis in die winter?
- Die vraag wat deur baie as 'n raaisel beskou word.

Die meeste hengelaars wat glo dat vis slegs in somermaande gevang kan word - dink weer! Daardie denkwyse is net vir "vissermanne" bedoel... Vir die gesoute vlieghengelaar is daar nie so iets soos 'n seisoen nie, slegs temperatuur verskille...

Vis hiberneer nie in die winter soos bv. bere nie, maar beweeg uit die vinnige strome na dieper, stiller poele waar hulle dan nog steeds aan die wei is. Hulle moet tog nog eet!
Ander hengelmetodes is die enigste manier om wintervis, wat gewoonlik heelwat lywiger as die somer "modelle" is aan te keer.
Volgens kenners uit die bo-lope van die Vaal waar kleinbekke ook voorkom, is dit juis die tyd om van die czech en ander nymph maniere van hengel oor te skakel na droë vliegies en langer gooie.
Die kleinbekke word dan meestal in die boonste 80-90cm van die watermassa aangetref waar hulle op drywende kos en ander organsimes net onder die oppervlak wei. Die hengelaar moet dan fyn dophou waar die water oppervlak gebreek word en op die uitkyk wees vir die kenmerkende draaikolke wat deur visse se sterte veroorsaak word.
Dit bring mee dat die hengelaar heel moontlik in koue, heup diepte, of dieper water moet staan of gebruik maak van 'n boot. Vir diegene wat nie bote het nie, is 'n stel waterklere (waders) noodsaaklik.
'n Bottel OBS in die rugsak kan ook moontlik van hulp wees, maar dis iets wat nog wetenskaplik bewys moet word...

Koue wintermaande is bekend vir rekordgrootte grootbek geelvis, dus moet die hengelaar ook bereid wees om van swaarder gerei gebruik te maak as hy vir kleinbekke in dieper poele hengel, aangesien van hierdie ou grotes ook nou en dan iets van die oppervlak af pik en 'n vet bakleiery op tou sit! Onthou dat karp ook steeds aktief bly gedurende die winter en ook baie sterk vegters is.

Ons sien daarna uit om fotos te plaas van lede se wintervangste - sien julle op die water!

Rod Test

Wade Martin, one of our Gauteng members recently added a Sage™ 590-4 TCR rod to his arsenal. We do not appreciate fellow anglers' bragging without at least doing something to get our approval, hence this report on his first outing with the new rod.

<u>Essential Specs:</u>

Sage 590-4 TCR (Technical Casting Rod), Length: 9'0", Line Weight: 4
Rod Weight: 3 $^{5/16}$ ounces
Sections: 4
Tube Size: 30"

What Sage has to say about this rod:

"We created the Technical Casting Rod (TCR) Series rods to push the boundaries of fast-action tapers and high line speed, while maintaining the all important fishability. To be clear, these rods are not for the casual angler. The TCR Series is designed for skilled casters facing the most demanding conditions - where technical precision, distance and the ability to cut through wind are premium. Try a TCR - we think you'll be amazed."

What do I have to say:

OK, so it took me a day or two of practice to get the hang of this piece of fly fishing excellence, but once that was done, it was off to the Vaal river to try it out.

If you are not a fan of fast action rods, then don't even take this one out of the rod tube. Before trying it out I wondered if it was not a bit too stiff, but after fishing with it I came to appreciate the amount of tip action it does have.
This rod is lightning fast with the ability to cast a great distance into the wind when others are being blown away. With such a fast action rod false casting is kept between the bare minimum and none while a good roll cast can send your fly for miles! Picking the line up off the water can be done at amazing distances. the presentation is excellent and the control phenomenal.

When it comes to the catching of fish this rod has a backbone that does not scare easily, providing great leverage and control unknown for a 5 weight when tackling fish whether they be big or small. The metallic burgundy/copper finish and excellent quality guides and cork grip make this beauty a real eye catcher.
On the down side - being such a fast action rod, when you fluff your cast, it is truly fluffed! The "fastness" of the rod makes it unforgiving for the inexperienced and unpractised caster, exaggerating the casting errors.

At $750.00 (US) this rod may be on the expensive side of one's budget and some people, fly fishers and non-fly fishers alike (political correctness) have asked:
"Why spend so much on a rod?"
At first I thought that I could not give a satisfying answer, but after some thought the answer came to me:
"Do you drive a Lamborghini, Porsche or Ferrari because you need to? No, you drive it because you want to!"

Pick this rod up and you will know you are holding a Sage.

If someone would ask me, "Wade, do you like this rod?", my answer would be:
"Yes" and "You can say that again" at the same time!

Wade Martin

Hengelnuus / Angling News

Om die nuusbrief meer gereeld te kan uitgee het ons nuus en artikels nodig om te plaas. Elke lid gaan hengel tog af en toe - dis juis wanneer ons stories en fotos moet kry! Of jy nou 'n nuwe katrol of ander hengeltoerusting gekry het, skryf jou mening en stuur dit aan sodat ons die inligting vir ander lede kan deurgee - dit mag dalk van waarde wees!

Klein Ferreira Strauss het onlangs saam met Jan-Louis gaan hengel en sy eerste vangs op die vlieg gesmaak! Ook maar goed sy pa is 'n plaasboer - hy sal nog heelwat moet spandeer aan toerusting noudat die laaitie eers met vlieghengel te doen het...

Jan-Louis het self ook nie te sleg gevaar nie en darem 'n 1.4kg kleinbek gehaak.

Harm en Etienne het so 'n rukkie gelede ook lekker natgereën op 'n naweek uitstappie *(tente is mos net vir sussies!)*, maar die kool was darem die sous werd aangesien hulle die volgende dag met meer as 100 kleinbekke kon spog! Dawie het ook die vorige middag 38 geles uit die stroom gehaal.
...dan was daar nog Dawie se naweek by Waterval wat so wreed deur die komitee vergadering onderbreek is. Benewens die klomp kleinbek geles, het 'n hele paar grootbekke het ook voor sy aanbiedings geswig. Dis glo as gevolg van sy *"geen fotos onder 5kg"* beleid dat ons nie bewys het van wat werklik op daai uitstappie gebeur het nie!

Dankie aan almal wat gereeld fotos en artikels aanstuur - doen so voort.
Thanks to Wade for the rod test and pictures! Looks like the new rod came with a complimentary razor too, or is there another reason for the clean shave? ☺

Until next time - take care and may the fish be bigger than the holes in your net!

Remember: Always Release Our Yellows!